basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

*Kopiereg voorbehou* 

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **DIT WAS 'N GOEIE VERHAAL**

Jy het 'n goeie verhaal gelees.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie goeie verhaal.

Dink aan die volgende:

- Watter goeie verhaal het jy gelees?
- Wat gebeur in hierdie verhaal?
- Watter deel van die verhaal was vir jou die beste?
- Wat maak hierdie verhaal beter as ander verhale? **[40]**

1.2 **HY/SY IS 'N GOEIE LEIER**

Ons het goeie leiers in ons lewens nodig.

Skryf 'n **opstel** oor 'n persoon wat jy dink 'n goeie leier is.

Dink aan die volgende:

- Hoekom moet ons goeie leiers in ons lewens hê?
- Wat is die gevare van verkeerde of slegte leiers?
- Wie, dink jy, is 'n goeie leier en wat maak van hierdie persoon 'n goeie leier?
- Hoe kan hierdie persoon help om ons lewens beter te maak? **[40]**

1.3 **HIERDIE GEBEURTENIS HET MY LEWE VERANDER**

Daar het iets in jou lewe gebeur. Dit kan goed of sleg wees. Ná hierdie gebeurtenis is jou lewe nou heeltemal anders.

Skryf 'n **opstel** en vertel van hierdie gebeurtenis wat jou lewe verander het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en waar het hierdie gebeurtenis plaasgevind?
- Hoe was jou lewe voor die gebeurtenis?
- Wat presies het gebeur? Was dit goed of sleg?
- Is jou lewe nou beter of slegter na die gebeurtenis? Waarom? **[40]**

1.4 **EK KIES DIE REGTE VRIENDE**

Almal wil graag vriende hê, maar 'n mens moet die regte vriende kies.

Skryf 'n **opstel** en vertel hoe belangrik dit is om die regte vriende te kies.

Dink aan die volgende:

- Watter rol speel vriende in 'n mens se lewe?
- Wat gebeur as jy die verkeerde vriende kies?
- Hoe help dit jou as jy die regte vriende kies?
- Waarom, dink jy, is jou vriende die regte vriende vir jou? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1




[Bron: gettyimages.com] **[40]**

1.5.2




[Bron: googleimages.com] **[40]**

1.5.3



[Bron: googleimages.com] **[40]**

1.5.4



[Bron: wikihow.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het twee maande gelede jou maat se duur baadjie geleen. Jou maat het nou gevra waar sy/haar baadjie is. Hy/Sy wil dit graag terughê. Daar is 'n rede waarom jy nie die baadjie kan teruggee nie.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar antwoord. In jou brief moet jy:

- Verduidelik waarom jy nie die baadjie vir hom/haar kan teruggee nie
- Presies sê hoe jy oor die situasie voel
- Voorstel hoe jy die situasie gaan oplos **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

In jou omgewing is daar baie misdaad. Niemand voel veilig nie.

Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van die plaaslike polisie waarin jy:

- Verduidelik watter tipe misdaad daar in jou omgewing is
- Presies sê hoe jy en die ander mense oor die situasie voel
- Voorstel wat die polisie kan/moet doen om die situasie te verbeter

Gebruik die volgende adres: Die Polisiehoof
Posbus 8795
Bloemfontein
4000 **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy vertel vir jou pa van jou plan om gou ryk te word. Jou pa is bekommerd en hy hou nie van hierdie plan nie.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou pa neer.

Begin die gesprek só:

Pa: Ek is bekommerd oor jou plan om gou ryk te word. Ek hou niks hiervan nie.

Ek: Hoekom nie, Pa? Ek dink dis 'n goeie plan.

Pa: ...

Ek: ...

**LET WEL:** Laat 'n reël ná elke spreekbeurt oop. **[20]**

## 2.4 VERSLAG

Op Mandela-dag het julle sportklub TWEE goeie dinge vir die mense in julle gemeenskap gedoen.

Die voorsitter van die sportklub het vir jou gevra om 'n kort **verslag** te skryf waarin jy vertel:

- Watter TWEE goeie dinge julle gedoen het
- Wie almal gehelp het
- Hoe hierdie dinge julle gemeenskap 'n beter plek maak **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

**LET WEL:** As jy hierdie vraag doen, moet jy die uitnodigingskaartjie (VRAAG 3.1.1) **EN** die antwoord op die uitnodiging (VRAAG 3.1.2) doen.

Jou broer gaan in 'n ander provinsie werk. Jy het besluit om vir hom 'n afskeidspartytjie te hou sodat hy aan die familie en vriende tot siens kan sê.

3.1.1 Skryf 'n **uitnodiging** aan die familie en vriende om hulle na die vriend se afskeidspartytjie te nooi. (Ongeveer 50 woorde)

In die uitnodiging moet jy:

- Aandui wat die geleentheid is en wie genooi word
- AL die inligting gee wat die uitgenooides mag nodig hê
- Sê wie verdere inligting kan gee indien nodig

3.1.2 Skryf 'n **antwoord** in 'n kort nota. (Ongeveer 20 woorde)

In die antwoord moet die persoon:

- Aandui of hy/sy die partytjie gaan bywoon
- Die rede gee indien hy/sy nie die partytjie kan bywoon nie
- Aandui wie hy/sy almal saambring indien die uitnodiging aanvaar word

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het aan 'n kompetisie, soos *SA's Got Talent*, deelgeneem. Jy het 'n groot prys gewen.

Skryf in jou **dagboek** oor:

- Watter prys jy gewen het
- Hoe jy voel oor die prys wat jy gewen het
- Hoe jy dink hierdie prys jou in die toekoms kan help om jou ideale te bereik **[20]**


3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Julle kerk hou 'n pretdraf ('fun run'). Die pretdraf begin by die kerk en eindig by die stadion.

Verduidelik aan die deelnemers hoe om van die kerk af tot by die stadion te kom deur die **pyltjies** op die roetekaart hieronder te volg. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Draf/Stap in Mandelastraat tot by ...
2. ...
3. ...




**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**